# Herfsgenoot

2025 | Kersuitgawe

Daar is ‘n opgewondenheid in die lug want Kersfees 2025 is om die draai. “Want ‘n Seun is vir ons gebore, ‘n Vredevors, ‘n Magtige God en Ewige Vader.”

Die Raad van Trustees het die voorreg gehad om saam met die bestuur deel te vorm van Huis Herfsblaar se wel en weë en ook die van ons inwoners.  Daar was tye van hartseer maar ook tye van vreugde.  Daar was ook tye wat ons saam met ons inwoners aktiwiteite in ons tuin kon geniet.

Ons wil ook die personeel bedank vir die rol wat hulle speel in die versorging van en omgee vir ons inwoners.

Dank ook aan die Hemelse Vader wat Huis Herfsblaar so wonderlik geseën en onderhou het. Ek haal aan uit Nahum 1:7 “Die Here is goed, ‘n toevlugsoord in tye van bedreiging. Hy sorg vir wie by Hom skuil” (2020 vertaling)

Wanneer u hierdie boodskap lees is dit byna Kersfees 2025, ‘n tyd wat ons weer kan dink aan ons Skepper maar ook ‘n tyd wanneer ons weer kontak met ons geliefdes sal hê.

‘n Baie Geseënde Kersfees word u toegewens.
Vir die jaar 2026, baie seën en sterkte word u toegebid.
Hou die oog op die Seun wat vir ons gebore is.

Groete, bly gesond.
Raad van Trustees.



## Kersboodskap - Meenthuiskomitee

Die Meenthuiskomitee het weereens 'n uitsonderlike jaar gehad waarop ons met dankbaarheid kan terugkyk.  Ons het ons leed gehad met sterftes maar aan die ander kant 'n handvol lief met die intrek van nuwe inwoners.
Ons is dankbaar vir die ondersteuning van bestuur wat deurlopend eenhede opgradeer en instandhouding van ons wonings en tuine word op 'n daaglikse basis gedoen.  Daar heers verder 'n samewerkende verhouding met die Huiskomitee aangesien ons tog wedersydse belange het. Versorging kan ook nie nagelaat word nie want dit kos net 'n enkele oproep en verpleegpersoneel is binne minute by jou eenheid.
Dit bring ons by hierdie tyd van die jaar waar ons die Kersseisoen tegemoet gaan; waar ons weer introspeksie van onsself doen, kan stil word en vra waarheen ek hier binne Huis Herfsblaar op pad is.
Die Meenthuiskomitee wil die bestuur en administratiewepersoneel, die verpleegpersoneel, die dokters en spreekkamerpersoneel, die apteekpersoneel en al die ander personeel asook die meer as 400 inwoners van Huis Herfsblaar, 'n geseënde en vreugdevolle Kersseisoen toewens.  Mag ons dit opnuut as Kersfees, Christusfees en die herdenking van JESUS se geboorte ervaar.

Kersgroete
Jan Combrink

## Geseënde Kersfees van die Huiskomitee

Elke Kersfees kom bevestig God Sy belofte van hoop aan ons: 'n Kerstyd waar ons Sy koms na die aarde kan vier.
'n Vreugdetyd waar ons kan besef hoe lief Hy vir ons is en wat Hy alles vir ons gee.
Kerstyd is ook 'n tyd wat ons met geloof vorentoe kan kyk en met 'n groot toekomsverwagting kan leef.
Mag ons almal in hierdie tyd leef met die wete en dit uitdra vir almal om te sien – God is met ons en dra ons deur die toekoms.

Geseënde Kerstyd.
Barbara Strydom namens die Huiskomitee.

## Kersprogram 2025

Op Vrydag, 28 November 2025 het ons weer ons jaarlikse Kersprogram in die v/d Bergsaal aangebied. Die idee van die program is dat dit hoofsaaklik inwoners van Huis Herfsblaar is wat optree en dat ons afsluit met die samesang van 'n aantal Kersliedere.

Vanjaar se voorlesings en voordragte is gedoen deur Paul v/d Merwe, Elsa Coetzee, Lappies Labuschagné, Joey Swanepoel en Barbara Strydom. Sarie van Wyk het 'n pragtige klaviermedley saamgestel en uitgevoer. 'n Groep mans en vroue het gesing, begelei deur Annette Bosman.
Bertha Spies het ons ingevoerde sterre naamlik, Gerhard Olivier en Anneli Roux begelei en Charles Goedhals het Stille Nag op sy mondfluitjie gespeel.
Al die agtergrondbeelde en musiek was Louis Zietsman se soekwerk.
Dr. Louis Dressel het die program met 'n paslike boodskap en gebed geopen en André Rieu en sy Straussorkes en koor was die aangrypende afsluiting van die program.

Dit was 'n geslaagde geleentheid wat deur meer as honderd inwoners bygewoon was.



## Skemerpiekniek

Kersfees kom!
Kersfees kom!
Gee aan God die eer.
Op groen gras
Onder 'n oop hemel
Met 'n Supermaan
Kom almal saam –
Hul kom seëvierend
met kieries
rolstoele
en stootkarretjies
met wawiele oor die gras
deur jong beentjies
want hulle is bly
oor Kersfees wat sommer vanaand al
gestalte kry.
'n Sonskyn dag
waarop almal juis vir vandag wag….
dae en weke
glo en weet
U is die Heer
wat ook mos hier regeer.
Dit is U vir wie ons loof met….
Stille Nag
Kom alle getroues en
O Holy Night
Vure brand
om tjoppies te braai
Wollies se rakke leeg
Tafels staan getooi
Alles hier gister en nou
maak ons harte bly
Want – net U maak ons in alles vry.
Wat 'n blye tyding!
U die seun het gekom –
As gestuurde van die Vader
is Uself die weg na Hom.
U kyk, hou wag, moedig aan
dat die lewe nie U lig
uit ons oë haal.

Met dank aan: 1. James Black en elke lid van administrasie.
2. Dewald Gouws





# Kersfees Woordsoek

**Vind die woorde**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Baba | Fees | Goud | Kersfees | Kos | Oukersaand | Versierings |
| Bethlehem | Feesviering | Helpers | Kerslied | Krip | Presente | Wierook |
| Christus | Gebore | Hooi | Kersog- | Liggies | Slee | Wysemanne |
| Diere | Gelukkig | Jesus | gend | Maria | Stal | |
| Engel | Geseende | Kersballe | Kersvader | Mire | Ster | |
| Familie | Geskenke | Kersboom | Koning | Nuwejaar | Takbokke | |


| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Z | E | D | C | M | C | P | F | C | H | R | I | S | T | U | S | M | A | S | N | G | O | B | K |
| C | R | U | Y | L | E | I | R | Q | U | L | I | G | G | I | E | S | P | E | I | E | N | I | G |
| X | L | P | S | C | G | Q | G | J | E | J | P | E | M | O | F | M | C | E | O | S | S | J | V |
| E | S | H | T | T | T | K | M | T | L | R | F | O | S | Z | U | A | V | F | Z | E | H | I | B |
| J | C | W | A | A | O | T | E | E | E | L | O | T | S | Q | K | V | L | S | U | E | V | U | T |
| W | D | H | L | N | N | N | W | T | H | B | F | E | S | S | V | I | E | R | I | N | G | T | E |
| O | R | O | I | T | V | G | S | B | S | E | J | A | Z | H | O | O | I | E | A | D | D | M | G |
| S | V | N | K | Z | A | N | I | R | E | L | L | A | B | S | R | E | K | K | A | E | J | T | R |
| G | G | N | R | E | S | Q | E | K | M | L | M | H | S | E | O | W | A | E | O | T | Q | E | Y |
| N | D | K | I | K | N | K | H | R | K | E | T | L | T | U | E | U | I | C | G | E | Q | O | N |
| I | I | G | P | K | K | N | O | M | H | U | C | H | E | E | S | W | B | E | A | J | R | V | Z |
| R | M | N | S | O | E | D | A | P | E | A | L | S | O | G | B | E | B | J | R | S | V | I | N |
| E | S | A | R | B | R | Z | E | M | B | G | O | E | C | T | N | O | J | J | Z | O | R | I | M |
| I | N | I | P | K | S | K | V | I | E | P | O | O | G | Z | R | E | J | O | Z | D | O | X | H |
| S | S | L | M | A | V | D | Y | B | L | S | Q | U | Z | E | I | L | I | M | A | F | B | K | D |
| R | Y | O | I | T | A | U | Y | T | H | S | Y | Q | D | H | X | I | P | S | G | J | Q | N | N |
| E | D | Q | T | L | D | G | E | S | C | E | R | W | R | U | E | V | I | L | Y | G | N | U | A |
| V | H | B | B | T | E | E | R | E | P | S | Z | E | O | H | K | T | T | L | T | T | A | W | A |
| H | V | U | P | J | R | E | S | T | L | G | F | E | K | Y | N | V | N | R | Z | I | A | E | S |
| Z | S | E | E | F | P | L | O | K | J | S | R | V | T | T | E | Z | J | E | R | P | B | J | R |
| P | O | N | D | L | D | C | K | V | C | E | G | B | Z | E | K | G | Y | A | S | Q | A | A | E |
| L | P | F | E | N | I | N | N | O | I | E | W | D | T | P | S | Q | M | M | P | E | B | A | K |
| Q | A | H | N | G | Z | W | Z | D | K | K | Q | Y | S | F | E | X | T | H | C | V | R | R | U |
| E | K | E | R | S | O | G | G | E | N | D | F | J | J | E | G | L | K | U | E | Q | Y | P | O |







# Kers Blokkiesraai




**Dwars**

**3.** Die wyse manne het goud, mirre en ______________ gebring.

**5.** Wat in die lug het vir die mense gewys waarheen om te gaan?

**8.** Wat vier ons op 25 Desember?

**9.** Wat was Maria se man se naam?

**10.** Wat was die engel se naam?

**Af**

**1.** Josef en Maria het op 'n ____________ gery.

**2.** Waar is Jesus gebore?

**4.** Hoeveel wyse manne was daar?

**6.** Wat was Jesus se ma se naam?

**7.** Wie is op 25 Desember gebore?



## ‘n Boodskap vanaf die Uitvoerende Bestuurder

Terwyl ons die jaar afsluit, is ek opreg dankbaar. 2025 was ’n jaar gevul met spanwerk, deursettingsvermoë, vriendelikheid en soveel spesiale oomblikke wat ons herinner hoekom Huis Herfsblaar en Herfsmed Kliniek plekke van besondere betekenis is.

Aan al ons werknemers: Baie dankie dat julle elke dag opdaag met toewyding, omgee en egte betrokkenheid. Die manier waarop julle ons inwoners, pasiënte en ook mekaar ondersteun, is werklik besonders. Elke dag maak julle ’n verskil, en ons waardeer julle opreg.
Aan ons vrywilligers: Dankie vir julle bereidwilligheid om tyd en energie te gee. Julle bring warmte, menslikheid en vreugde in ons huis, en dit beteken vir ons meer as wat woorde kan beskryf.

Aan ons inwoners en hulle families by Huis Herfsblaar: Dankie vir julle vertroue, julle geduld, julle stories en die vele kosbare oomblikke wat ons hierdie jaar gedeel het. Júlle is die hart van ons huis. Julle teenwoordigheid en ondersteuning skep die gevoel, 'n tuiste en gemeenskap waarvoor Huis Herfsblaar so bekend is.

Aan die pasiënte, families en vriende wat Herfsmed Kliniek besoek het: Dankie dat julle ons fasiliteit gekies het tydens julle herstelfase. Ons hoop opreg dat julle verblyf by ons gerief, krag en genesing gebring het. Ek moet ook sê dat hoewel ons van harte hoop dat julle só goed herstel het dat julle ons nie weer sal nodig hê nie, wil ons hê julle moet weet dat, indien julle ooit weer sorg benodig, julle presies weet waar julle die ondersteuning en omgee sal kry. Ons deure, en ons harte, bly altyd oop.

Aan ons gemeenskaps- en besigheidsvennote: Dankie vir julle samewerking, ondersteuning en die manier waarop julle ons hande in ons werk versterk. Julle betrokkenheid beteken baie vir beide Huis Herfsblaar en Herfsmed Kliniek. Ons waardeer julle opreg.
Aan ons Raad van Trustees en Dagbestuurspan: Dankie vir julle leiding, wysheid en die vertroue wat julle in die bestuurspan plaas. Julle ondersteuning help ons om met duidelikheid en sekerheid vorentoe te beweeg.
Aan die Bestuurspan: ’n Baie spesiale woord van dank. Dankie vir julle onberispelike ondersteuning, vir julle vermoë om elke departement in te sluit, die samewerking en vir julle toewyding. Julle skep ’n werksomgewing waar mense veilig voel om nuwe idees te deel; waar innovering natuurlik groei, en waar die toekoms opwindend lyk. Danksy julle sien ons met moed en hoop uit na die nuwe jaar.

In hierdie feestyd wil ek ’n vers met julle deel wat my herinner aan vrede, hoop en ‘n nuwe begin, iets wat ons almal op verskillende maniere nodig het: Numeri 6:24–26
“Mag die Here jou seën en jou beskerm.
Mag die Here tot jou redding verskyn en jou genadig wees.
Mag die Here jou gebede verhoor en aan jou vrede gee.”
Mag hierdie woorde ook oor elke inwoner, werknemer, pasiënt, familielid en vriend van Huis Herfsblaar en Herfsmed Kliniek spreek:

Terwyl ons die feestyd binnegaan, wil ek almal aanmoedig om hierdie kosbare tyd saam met familie en vriende te geniet. Bou herinneringe wat vir altyd sal bly.
Rus, lag, vier en koester die seën van saamwees.
Wees asseblief verantwoordelik, wees versigtig, en reis veilig waar julle ook al heengaan.
Wanneer ons terugkeer, mag ons almal verfris en nuutgemaak wees, gereed om voort te gaan met die bou van sterk verhoudings, om ons spanwerk te verdiep en om vir mekaar te wys hoe baie ons elke persoon waardeer wat deel is van die groot familie wat ons vorm.
Baie dankie aan elkeen van julle vir ’n betekenisvolle, opbouende en onvergeetlike jaar.

Ek sien uit na ’n helder, innoverende en inspirerende 2026 saam.
Warm Kersgroete en innige waardering,
James Black

*Redakteur:*
Ina Delport

*Sub redakteur en Uitleg:*
Robitta Herbst

*Redaksie lede:*
Sandra van Rooyen
Lucia Truter
Elize Moorby
Neels de Waal

Webbweg 1244
Queenswood 0186
Tel: 012-333 4445